

Skriflesing: Mattheus 24:1-14; Markus 13:1-13

Teks: **Mattheus 24:3, 13-14; Markus 13:3-4, 10**

Sing: **Ps. 89:1,3; Ps. 90:9; Ps. 122:1; Ps. 48:5**

Mattheus 24:1-14

Mat 24:1 En Jesus het uitgegaan en van die tempel vertrek, en sy dissipels het nader gekom om Hom die geboue van die tempel te wys.

Mat 24:2 En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie.

Mat 24:3 En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?

Mat 24:4 En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie.

Mat 24:5 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.

Mat 24:6 En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.

Mat 24:7 Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke.

Mat 24:8 Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte.

Mat 24:9 Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.

Mat 24:10 En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat.

Mat 24:11 En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.

Mat 24:12 En omdat die ongeregtheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.

Mat 24:13 Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

Mat 24:14 En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuënis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.

Markus 13:1-13

Mar 13:1 En toe Hy uit die tempel uitgaan, sê een van sy dissipels vir Hom: Meester, kyk watter klippe en watter geboue!

Mar 13:2 En Jesus antwoord en sê vir hom: Sien jy hierdie groot geboue? Daar sal sekerlik nie een klip op die ander gelaat word wat nie afgebreek sal word nie!

Mar 13:3 En toe Hy gaan sit het op die Olyfberg, regoor die tempel, vra Petrus en Jakobus en Johannes en Andréas Hom afsonderlik:

Mar 13:4 Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken wanneer al hierdie dinge volbring word?

Mar 13:5 En Jesus antwoord hulle en begin te sê: Pas op dat niemand julle mislei nie.

Mar 13:6 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Dit is ek! En hulle sal baie mense mislei.

Mar 13:7 Maar wanneer julle hoor van oorloë en gerugte van oorloë, moet julle nie verskrik word nie, want dit moet kom. Maar dit is nog nie die einde nie.

Mar 13:8 Want die een nasie sal teen die ander opstaan, en die een koninkryk teen die ander; en daar sal aardbewings wees op verskillende plekke, en daar sal hongersnode wees en beroeringe. Hierdie dinge is 'n begin van die smarte.

Mar 13:9 Maar wees julle vir julleself op die hoede, want hulle sal julle oorlewer aan regbanke, en in sinagoges sal julle geslaan word en voor goewerneurs en konings gebring word om My ontwil, vir hulle tot 'n getuënis.

Mar 13:10 En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word.

Mar 13:11 En wanneer hulle jul weglei om julle oor te lewer, moenie julle vooraf kwel oor wat julle sal spreek nie, en moenie daarvoor dink nie; maar wat julle in dié uur gegee word, dit moet julle spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Heilige Gees.

Mar 13:12 En die een broer sal die ander tot die dood oorlewer, en die vader sy kind, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak.

Mar 13:13 En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

Skriflesing: Mattheus 24:1-14; Markus 13:1-13

Teks: Mattheus 24:3, 13-14; Markus 13:3-4, 10

Sing: Ps. 89:1,3; Ps. 90:9; Ps. 122:1; Ps. 48:5 mnj

Geliefde broeder en suster- vóór ons vandag met Mattheus 24 kan begin, moet ons eintlik onself so drie jaar terug verplaas. Jesus se eerste groot toespraak op aarde was aan die begin van sy amptelike bediening toe Hy seker omtrent so 30 jaar oud was. Ons het al heelwat preke daaruit gemaak, ons was ook al 'n keer met 'n reeks hiermee besig. Ek verwys na die Bergrede. Die preek met die baie mooi begin. *SALIG IS JULLE...* Daar word nie minder nie as 9X verskillende saligsprekinge uitgespreek. Ja, Mattheus 5-7 is alles deel van die bergpreek. Jesus seën die mense want om salig te wees is om werklik geseënd te wees, werklik gelukkig te wees. Verlede Sondag was ons by 'n hoofstuk 23 van Mattheus, alles deel van Jesus se laaste week wat Hy op aarde was, ja dit was deel van daardie Dinsdag waar ons eintlik mooi die teenoorgestelde hoor van *SALIG...* nie minder nie as 7X het Jesus gesê- *WEË JULLE...*

Ons het gewys waarom die Here sulke harde woorde moes spreek. Dit was al van daardie Maandag af baie duidelik dat Jesus gaan hierdie leiers ontmasker. Jesus ontmasker nie net mense nie, maar tye, wêreld en geleenthede word blootgelê.... Jesus het die tempel die Maandag omgekeer, hulle wat die tempel 'n rowerspelonk gemaak het. Jesus het nog voor Hy by die tempel was, daardie Maandagoggend 'n vyeboom vervloek wat moes dien as teken hoe die tempel en ingesluit die grootste deel van Israel met hulle leiers die verlengstuk van hierdie dooie vyeboom vorm. So vrugteloos, so kaal, so droog die vyeboom daar gestaan het, so het Israel geestelik daar uitgesien. In besonder het die Here die Dinsdag van sy laaste week op aarde hiervoor gebruik.

Na die gebeure by die tempel het hierdie leiers alles aan die werk gestel om Jesus te probeer vastrek. Hulle het hulle slagysters wou fynstel, deur Jesus se gesag uit te daag, deur sy Persoon en identiteit te bevraagteken, deur allerhande lasterlike bewerings teen die Here te maak, deur Hom met strikvrage oor belasting, oor die opstanding, oor die grootste gebod te probeer vasvra. Elk van hierdie pogings het misluk. Soos wat daardie Dinsdag baie beweringe, baie vraagstukke, baie drogredenasies bevat het, so het die Here stadig maar seker op hierdie één dag, die Dinsdag bewys dat God sien dwarsdeur die mens. Mense kan mekaar

nog bedrieg en allerhande skelm onderduimse gekonkel word gebruik om mense te mislei, maar God kan nie mislei word nie.

Ons kan aanvaar daardie Dinsdag was al redelik laat die middag toe niemand meer 'n woord teen die Here kon spreek nie. Die Fariseërs, die Sadduseërs, die manne beskou as Joodse geleerdes, het maar bedroë daarvan afgekom. So lees ons aan die einde van hfst. 22- *En niemand kon Hom 'n woord antwoord nie; ook het geeneen van daardie dag af dit meer gewaag om Hom vrae te stel nie.* Die res van daardie Dinsdag het die Here alleen gepraat. Daar is hard gepraat. Alles gebeur nog in die tempel.

Waar die Here alleen praat, word vir die voetvolk, ja daar is wel nog 'n skare wat na Hom luister en ook teenoor die dissipels word geen doekies omgedraai nie. Die Here sê dat hulle juis anders moet wees as hulle leiers. Watter diepe verval as daar 'n oproep tot 'n mens kom dat jy juis anders moet wees as hulle wat jy as jou leiers sien. Dan kan 'n mens maar weet dit het geestelik gesproke nag geword. Dit herinner ons baie sterk aan daardie Godspraak wat in Jesaja 21 opgeteken staan as die Godspraak oor Duma... v.11-12 : **II Godspraak oor Duma.** *Daar roep een my toe van Seir af: Wagter, hoe ver is dit in die nag? Wagter, hoe ver in die nag? 12 Die wagter sê: Die môre kom, en ook die nag. Wil julle vra, vra; keer terug, kom.* Wanneer Jesus wys op die geestelike korrupte leiers dan is dit nie 'n kwessie van hulle moet maar eers later terugkom om die uiteindelijke antwoord te hoor nie.

Die Here sal by wyse van spreuke direk kan aantoon hoe nag dit daar binne die tempel is. Hoe donker het dit geword waar mense voorgee hulle dra die lig, hulle is die lig. Mense wat op allerhande aanspreekvorme wou aandring, maar dan in die konteks sê die Here- moet hulle nie rabbi noem nie, moet hulle nie julle vader noem nie, hulle is dit nie. Hulle wil maar net as belangrik beskou word, hulle kom godsdienstig voor maar dit is alles skynheiligheid en huigelary. U moet onthou hoe ons verlede week in die middeldeel wat die grootste deel van hfst. 23 uitmaak die 7X WEË JULLE... uitspraak van die Here kon hoor.

Die eerste verkeerde weg was om 'n sisteem of 'n struktuur te skep wat hulle voorgee God regeer deur hierdie struktuur, maar in werklikheid is hierdie struktuur besig om die wil van God te ondermyn. Mense word hierdeur die koninkryk van God uitgesluit. Julle sisteem klap die deure voor die mense toe wat moes inkom, mense word deur julle geïntimideer. Die tweede verkeerde weg, dit wat Jesus 'n tweede maal laat sê het *weë julle* sluit by die

eerste aan. Julle maak asof julle mense nader aan God bring, daar word oor land en see getrek om bekeerlinge te maak maar hierdie sg. bekeerling word gevaarliker as julle. Hy word 'n kind van die hel wat met die koninkryk van God niks te make het nie... intedeel! Die derde *weë julle*, waar die Here hulle as blinde leiers uitmaak is op die gebied waar hulle rondom die aflegging van 'n eed en waarby mense dan sweer voorgee dat hulle kan bepaal as jy nie by die goud van die tempel gesweer het nie, dan is jou eed nie bindend nie. Dit is dwase leiers wat so maak dat as jy nie by die gawe op die altaar gesweer het nie, dan het jy jou nie gebind nie. Op die manier word die vaslegging van wat die waarheid moet wees ondermyn want kan jy as mens redeneer ek het los van die goud gesweer, God kan my nie aan so 'n eed bind nie. Dit bly darem maar altyd tragies dat mense dink hulle kan die waarheid manipuleer. Vir God is daar net een vorm van eed swering en as jy gesweer het, het jy jou gebind.

Die vierde *weë julle...* wys Jesus op hoe hulle nie werklik kan onderskei tussen wat regtig saakmaak en dit wat as ondergeskik aan die groot saak moet dien nie. Die Fariseërs is so gesteld op die tiende wat gegee moet word, selfs allerhande kruie en speserye moet met die beginsel van dit is my tiende afgegee word, waar hulle dan alle klem daarop plaas. Tog die belangrikste van die wet nl. geregtigheid, liefde en getrouheid word geheel nagelaat. Dis hier waar mense die muggie uitsif maar die kameel kan maar deurval... Die vyfde en die sesde verkeerde weg, dit wat Jesus laat uitroep *weë julle...* 'n vyfde 'n sesde keer is daardie mentaliteit wat ons in Afrikaans uitdruk deur te sê bo blink maar onder stink. Die buitekant van die beker word blinkgevryf, maar wat werklik saakmaak is die binnekant. In dieselfde verband wys die Here spesifiek hoe die Fariseërs lyk... *julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is. 28 So lyk julle ook van buite vir die mense wel regverdig, maar van binne is julle vol geveinsdheid en ongeregtheid.* Dan die laaste, die sewende *weë julle* uitspraak het te doen met julle wat monumente en gedenkstone en grafte oprig vir die sg. volkshelde maar die ware profete, die het julle voorvaders vermoor. Julle gee voor julle sal nie soos julle voorvaders gemaak het nie, tog maak julle die maat van julle vaders vol.

Hfst. 23 het nie met die *WEË JULLE* geëindig nie. Die Here het oor Jerusalem geween. Daar is in Christus die hartseer van Ek wou, maar julle wou nie. Die hen wat haar kuikens onder haar wil toevou, maar wat het die kuikens gemaak. Tog het ons reeds besef die Here eindig hierdie Dinsdag nie met die woorde aan die skare en hulle wat laat nog daar agtergebly het nie.

Hfst. 24-25 staan nog alles as deel van die Dinsdag-gebeure. Laat daardie dag, ja ons kan aanvaar dit sou seker die nag ingaan, is die Here nog glad nie klaar nie. Hierdie groot redevoering van die Here bevat baie meer as net die *WEË JULLE...* want kyk waarmee is julle besig. Die Here het nou vir die eerste keer daardie dag die tempel uitbeweeg waar hy in hfst. 21:23 al daar inbeweeg het.

Hierdie uitbeweeg uit die tempel het aanleiding gegee tot hierdie deel in God se Woord wat bekend staan as die profetiese rede. Ons kan die betoog ook weer in twee groot hoofdele opdeel. Hfst. 24 gaan oor dinge wat nog gaan gebeur. Tog laat die Here die toekomsgebeure nie in isolasie nie. Direk nadat die Here oor die dinge van die toekoms gepraat het, vertel die Here sewe gelykenisse wat die mense moet sien as deel van hulle voorbereiding op wanneer die wederkoms gaan plaasvind. Ook die aard van die wederkoms kom deur hierdie gelykenisse laat hierdie Dinsdag aan die orde.

Ons moet ons heel die posisie van die dissipels probeer voorstel, hulle met die wie die Here nou in besonder handel. Jesus het nou in hierdie drie dae soveel dinge gesê, soveel dinge wat moeilik is om te aanvaar, maar een van die moeilikste was dat die Here gesê het- *Matt.23:38-38 Kyk, julle huis word vir julle woës gelaat!* Dit was 'n skok. Ooglopend was dit vir hulle nog erger as die *weë julle*-uitsprake... Daarom dat hulle die Here die oomblik as hulle weer buitekant die tempel kan kom, hulle kry weer die geheel in die oog, dan voel hulle gedring om darem die Here daarop te wys- Hierdie is darem 'n indrukwekkende gebou. Hier is groot mensewerk gedoen. Groot klippe wat hierop mekaar lê wat hulle nie dink sommer net so verwoes kan word nie. In Markus 13:1 is dit ook wat hulle probeer sê- *Meester, kyk watter klippe en watter geboue!*

Hulle manier om die Here op hierdie indrukwekkende struktuur van hulle te wys, groot imposant, ja groter werk kan hulle hul nie voorstel nie, waar ons weet 'n enkele bousteen van hierdie geweldig imposante gebou dra 'n enkele steen die afmetings van 'n huis se vertrek. Geweldig mooi en groot, maar wat sê Jesus. Dit is asof Jesus dit wat Hy aan die einde van hfst. 23 gesê het, net nog duideliker wil maak. Julle het my reg gehoor...*julle huis word vir julle woës gelaat...* soveel so ... *Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie.* Die Here sien nie net die buitekant raak nie, dit het ons nou al keer op keer agtergekom, maak nie saak hoe indrukwekkend, hoe

groot die tempel se buitekant is nie. Dit wat die Here aan die binnekant aangetref het, is 'n holheid, 'n leegheid, 'n verrotting wat vêr gevorder het. Die Here is nie meer daarbinne nie.

Nadat die Here die verwoesting herhaal het, dit alles in nog duideliker terme, is die dissipels verslae en elkeen natuurlik met sy eie worstelinge besig. Daarom toe hulle al weer 'n hele ent daardie Dinsdag van die tempel weggestap het, weg van die tempelberg, deur die Kedrondal, anderkant die Olyfberg weer op, met die pad na Betanië, na Lasarus en sy susters, waar die Here hierdie eerste paar nagte van die verskriklike week nog kon oornag het, kan ons verstaan dat Jesus na hierdie dag moeg moes wees. Die ondergaande son het waarskynlik sy laaste herder strale van hierdie dag oor die geheel van die tempel laat val, waar mens juis vanaf die Olyfberg 'n panoramiese uitsig op die tempel kon hê. Die helder marmer, koper en goud is 'n nog groter skitterende geheel as die laaste strale so daarop val en dit word op 'n afstand beskou. Ons lees Jesus het op die Olyfberg gaan sit, ja seker om bietjie te rus, maar het Hy geweet ná wat Hy so pas daar anderkant met hulle vooraansig na die tempel gedraai, gesê het, dit het sy dissipels diep ontstel. Die Here gee hulle kans om weer hieroor te praat.

Hier verhaal Markus aan ons, presies wie die dissipels was wat die vrae wou vra. Twee pare broers, Petrus Andreas, Johannes, Jakobus praat namens al die dissipels, ja hulle vra eintlik net twéé vrae. Wanneer sal hierdie verwoesting gebeur en watter teken sal daar wees dat dit nou die einde is, wat op die Here se koms sal dui. Hulle het beslis nie probeer om die Here se woord in twyfel te trek nie, maar dit is eintlik baie verstaanbaar dat hulle wat so ontstel kon wees oor wat Jesus gesê het, hier op 'n veilige afstand, weg van die groot groep en die groot geraas hierdie uiters geheimnisvolle vrae aan die Here wou vra. Hulle wou nie Jesus in die onmiddellike nabyheid van die tempel hierdie vrae vra wat Hom eintlik net in die moeilikheid kon bring nie. Dit kan ons ook aanvaar, dat hulle gee werklik om oor wat gesê is.

Hierdie tydsvraag, hierdie tekenvraag, het egter nie maar net 'n eensydige, maklike antwoord nie. Dit sou die dissipels gou agterkom. Dinge is baie keer nie so maklik en eenvoudig te antwoord as dit om die werk van God gaan nie. Voordat die Here daarby kon kom om die vrae te antwoord moet die Here eers in hulle eie voorveronderstellinge regstellinge maak. 'n Mens se voorveronderstellinge kan jou baie keer groot parte speel en jou net nog meer verwar. Die eerste basiese denkfout wat die dissipels gemaak het, was dit wat ons so maklik ook dink dat ons kan buitekant gebeur bly staan. Ek kan groot dinge weet, maar ek wil eerder 'n toeskouer bly. Ek wil tog nie betrokke raak nie. As dit tog net my nie tref nie, as dit

my kan verbygaan, dan is ek tevrede, dan gee ek nie eintlik vêrder om nie. Hulle wil maar hoop dat as hierdie dinge gebeur moet ons dit darem kan vryspring.

Wanneer die Here hulle begin antwoord dan mag dit aanvanklik klink maar die Here antwoord nie hulle vraag nie. Die Here kom met 'n antwoord, heeltemal uit 'n hoek wat mag lyk dit nie hulle vraag was nie, maar wag, dit het die dissipels die amper drie jaar wat hulle so saam met die Here was meermale moes agterkom dat so werk die Here. Gewoonlik nie langs ons sondige verkeerde gedagtelyne nie, nog minder antwoord die Here in reaksie op ons so dikwels verkeerde voorveronderstellinge. Die Here se gedagtelyne lê in alle geval dieper en hemels suiwer, waar ons net 'n gedeelte van kan begryp.

Daarom moet ons die Here se antwoord wat ons beslis nie vandag in hierdie diens die omvang kan hanteer nie, ons eie probeer maak. Die Here maak 'n regstelling sonder om dit direk so aan te toon dat die dissipels beslis nie moet dink dat hierdie sware gebeurtenisse wat gaan kom, hulle as dissipels onaangeraak gaan wees nie. Trouens die Here wil aan hulle wys wat hulle self te doen gaan staan as hierdie dinge gebeur. Daar sal nie by hulle 'n objektiewe toeskouerhouding moontlik wees nie. Hiermee saam maak die Here eintlik hulle tweede basiese denkfout ook reg. Die dissipels het van hulle wêreld met die tempel daarbinne al te groot gedink. Hulle moet nie dink dat as die tempel val dit nou ook die einde van God se wêreld beteken nie. Daarmee wil die Here aan hulle toon die val van die tempel kan eintlik insluit 'n nuwe begin wat God wil maak. Die val van die tempel is hoegenaamd nog nie die einde van die wêreld nie.

As ons hierdie dinge wat die Here deur hierdie regstellinge ook voor ons moet opstel en regstel, broeder en suster, dan gaan dit daarvoor dat ons van onself en die wêreld om ons dalk bietjie kleiner moet dink en van God heelwat groter dinge moet kan verwag. Dit wat vir ons mag voel hier val alles plat, hier is geen opstaan meer moontlik nie, dinge gaan nie weer regkom nie. Dink weer daarvoor. Watter fatale fout om te maak om te dink ons gebreke, ons swakhede kan die Here kniehalter. Dit kan juis andersom wees dat die Here dit laat gebeur dat wanneer ons swak is, is Hy sterk.

So gaan ons die toekoms in. In ons land vandag met die ANC weer sterk aan bewind, wat nog weer voorlê in die termyn wat wag, watter druk die al hoe erger sosialisties-kommunistiese benadering nog op ons en ons kinders gaan hê met Julius Malema en sy sg. ekonomiese

vryheidsvegters nou ook in die parlement, met die dreiging van om grond somer te vat, regstellende aksie wat eenvoudig ons jongmense geleentheid ontnem, ja op hierdie manier sal ons onself in die grond inpraat.

Dit wat van ons verwag word; mag dit deur die reeks veral met die Profetiese Rede waarmee daardie Dinsdag afgesluit word al hoe duideliker word dat ons nugter moet wees en moet bly. Ons kan nie ons hede ontken en somer die toekoms wil inspring nie. Hier gaan op die aarde swaar dinge wees wat deurleef sal moet word.

Ons moet DV volgende Sondag weer hierna terugkom maar Jesus het dit duidelik geopenbaar die tekens wat sy wederkoms sal voorafgaan. Daar sal misleiding wees, selfs mense wat voorgee om die Christus te wees, allerhande dwalinge wat mense sal meesleur, onkunde onder mense sal al groter word. Ek maak die volgende aanvegbare stelling dat met die geweldige tegnologiese en elektroniese ontwikkelinge wat ons beleef, hier is inderdaad op baie gebiede so 'n geweldige vooruitgang, maar toets maar wat ons hier sê, hoe slimmer die mens lyk te wees, wil dit vir my voorkom die onkunde oor veral die geestelike dinge word ook al groter. Misleidings word al meer.

Ja, laat ons maar volgende keer meer hieroor praat oor die onverwagte teëspoede, die rampspoede net so onverwags, die vervolging wat daar gaan wees, die afvalligheid van die geloof, die valse profete, die liefde wat onder mense gaan verkoel, mense wat siende blind geen teken wil raaksien nie, tog is daar bepaalde redes, daarop moet ons beslis ook terugkom, waarom ons as gelowiges moet kan volhard.

Die belangrikste en grootste rede vir jou en my om te volhard is nie om krampagtig vas te hou en te dink ek mag nie nog iets verloor nie. Vir gelowiges gaan dit baie keer lyk ons is op die verloorpad. Dit gaan baie keer 'n alleenpad wees, 'n alleenpad om te bly wat jy geword het, die oënskynlike verloorpad, die waarskynlik alleenpad moet ons bly loop, deur ongeag wat van ons gaan word, moet ons die evangelie bly verkondig. Die Woord van God moet dwarsdeur hierdie wêreld sy loop kan neem. Mark 13:10 staan- **10 En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word.** Dit is waarom ons nog hier is, dit is waarom ons nog in die donker ure van ons land se geskiedenis nog in hierdie land is, ter wille van die Woord. Luister maar net weer mooi na vv 13-14- **13 Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal**

*gered word. **14** En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.*

AMEN